Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: 012 3356806
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

DIE HOËRSKOOL WONDERBOOM

NUUSBRIEF 14/5/2021

COVID-19 GEVAL

Op Dinsdag, 4 Mei, is 'n enkele Graad 8-leerder positief getoets vir Covid-19. Die leerder het by die huis aangesteek. Leerders wat in direkte kontak met dié leerder was, is geïsoleer en hul almal is alweer terug by die skool, aangesien geen ander leerder hierna simptome van die virus getoon het of positief getoets het nie. Verskeie ouers het egter navrae gedoen oor die hantering van die situasie. Volgens die Departement van Onderwys se riglyne - "Standard Operating Procedures" vir die hantering van die Coronavirus moet enige onderwyser of leerder wat direkte kontak met 'n bevestigde positiewe Covid-19 geval gehad het, selfisoleer vir 10 dae of totdat die persoon, na 5 dae, met 'n bevestigde Covid-toets kan bewys hy/sy is negatief. Daar is egter baie verwarring rakende wat presies "direkte kontak" is.

Volgens die Departement van Gesondheid is "direkte kontak" wanneer die afstand tussen die persone minder as 1*m* was vir 'n tyd van 15 minute of meer waar 'n masker nie gedra is nie. Slegs hierdie leerders hoef te isoleer. Indien leerders in isolasie is, geld dieselfde beginsels as wanneer 'n leerder afwesig is. Die leerder moet asseblief poog om by maats die werk te bekom en sodoende op datum bly. Omdat ons besef dat hierdie nie normale omstandighede of afwesighede is nie, sal die personeel ook 'n opsomming van die werk wat in die klas hanteer is, op Google Classroom plaas.

VOORTGAAN VAN BUITE-KURRIKULÊRE AKTWITEITE

Daar is tans verskeie skole wat die buitekurrikulêre aktiwiteite vir 'n tydperk gestaak het. Dit is weens die hoeveelheid Covid-19 getalle binne die individuele skole. Soos hierbo genoem, het ons skool nog slegs een positiewe geval gehad en daarom gaan die buitekurrikulêre aktiwiteite eers voort. Indien enige nuwe direktiewe rakende die hantering van dié aktiwiteite uitgegee word, sal die ouers dadelik ingelig word.

DETENSIE

Detensie is deel van die dissiplinêre stelsel van die skool. 'n Leerder wat 20 VP's het, moet 'n verpligte detensie-sessie bywoon. Die detensie is geskeduleer vir Maandae-middae. Leerders ontvang 'n brief wat presies aandui wanneer en waar hulle detensieklas sal plaasvind. Daar is egter steeds leerders wat eenvoudig nie die detensie-klasse bywoon nie. Indien dit gebeur, sal die volgende maatreëls, soos in die gedragskode en bl. 124, van die skooldagboek aangedui word, geld: Die leerder se ouers word die volgende dag/of wanneer die leerder terug is by die skool, geskakel om die leerder te kom haal. Die leerder kan ook vir nog 'n dag geskors word. 5 VP's word bygevoeg wat die leerder na 'n tugverhoor kan neem. Die detensie moet egter ook steeds ingehaal word.

DIE DRA VAN BUFFS

Tydens die Covid-pandemie is die dra van maskers verpligtend. Ten einde ouers tegemoet te kom, is die dra van "buffs" ook toegelaat. Daar is egter tans leerders wat die "buff" oor die ore dra en so hul oorfone wegsteek. Hul luister dan lekker musiek in die klas terwyl hul klas moet bywoon. Hierdie leerders se "buff" sal geneem word en die leerder sal van 'n gewone masker voorsien word.

TEMA VIR 2021: LEEF VOLUIT MET DANKBAARHEID

AKTIWITEITE VIR TWEEDE KWARTAAL

Graag wil ons leerders die geleentheid bied om aan verskillende aktiwiteite deel te neem. Dit blyk egter asof leerders nie altyd seker is watter aktiwiteite beskikbaar is nie. Aangeheg is die aktiwiteite vir die kwartaal, die personeel betrokke en die klas. Die leerders kan gerus dié personeel nader om meer oor die aktiwiteit uit te vind.

AKTIWITEIT	PERSONEELLID	KLASKAMER
REDENAARS	Me. T Jacobs	O7
MNR. EN MEJ. WONNIE	Me. D Stols	O23
KUNSWEDSTRYDE	Me. J Minnaar	O25
FIETSRY	Me. M van Eeden Me. E Jacobsz Me. J Karsten	O17 F18 O61
LANDLOOP	Me. M Bouwer	F6
JUKSKEI	Me. R Steyn	O15
RUGBY	Mnr. W Jansen v Rensburg	O24
NETBAL	Me M Shrives	F3
HOKKIE	Me. E van Niekerk	O37
FOTOGRAFIE	Me. T Gericke	F1
WONNIE IDOLS	Me. V Rheeder	F9
VELDTEIKENSKIET	Me. N van Heerden	F10
ROBOTIKA	Mnr A Smith	F20
TAFELTENNIS	Mnr A Smith	F20/Olienkroonsaal
E-SPORT	Mnr A Smith	F20

DATUMS VAN DEELNAME: BUITE-KURRIKULÊR

FIETSRY: Liga 1: 15 Mei 2021 by Curro Hazeldean High School.

NETBAL

14 Mei	Girls High School	Tuis
19 Mei	Midstream College	Weg
26 Mei	Hoërskool Centurion	Weg
28 Mei	Cornwall Hill College	Weg
2 Junie	Hoërskool Overkruin	Weg
7 Junie	Sutherland High School	Tuis

Netbal-oefening: O/14 - O/19
Maandae tot Donderdae: 14:30 - 16:00/16:30

HOKKIE

14 Mei	Hoërskool Erasmus	Weg
21 Mei	Akasia High School	Tuis
28 Mei	Tygervalley College	Weg
4 Junie	Hoërskool Tuine	Tuis
18 Junie	Prestige College	Weg
3 Julie	Sutherland High School	Weg

Hokkie-oefening: O/14 - O/16

- Maandae tot Donderdae: 14:30 - 16:00 en
- Eerste Span: 16:00 - 17:30

REDENAARS: AFRIKAANS

KOMPETISIE	INSKRYWING - SLUITINGSDATUM	BEOORDELING
Afrikaanse Kunsvereniging van Pretoria	18 Mei 2021	21 Mei 2021
Kansvatter – redenaarskompetisie	21 Mei 2021	28 Mei 2021
Radikale Redenaarsfees	28 Mei 2021	23 Junie 2021
Oppie Tong Af	18 Junie 2021	14 Julie 2021

MNR EN MEJ WONNIE 2021

17 Mei – 28 Mei: Bemarking en Inskrywings – O38
31 Mei – 14 Junie: Onderhoude – O38
1 Julie: Bekendmaking van Finaliste
23 September: Gala-aand

RUGBY

DATUM	WEDSTRYD	TUIS / WEG
14 Mei 2021	Hoërskool Pretoria-Noord	Weg
21 Mei 2021	Midstream College	Weg
28 Mei 2021	Hoërskool Overkruin	Tuis
4 Junie 2021	HTS John Vorster	Tuis
12 Junie 2021	Hoërskool Wagpos	Tuis
18 Junie 2021	Hoërskool Tuine	Weg
26 Junie 2021	Semi-Finaal	
3 Julie 2021	Sutherland High School	Weg

SuksesSTUDENT Studieleiding

Gr. 8-leerlinge het reeds `n omsendskrywe in die verband ontvang. Weens baie navrae en versoeke is besluit om die datums met `n week aan te skuif. Leerlinge kan nog registreer tot en met 21 Mei. Studieleiding sal plaasvind op Saterdag, 29 Mei, en ook Saterdag, 5 Junie, indien daar te veel inskrywings vir een groep is. Die afskeurstrokies kan by me. A Van Emmenis in F16 of by me. M Fourie (kantoor langs die boekstoor) ingehandig word. Nadat die getalle van die leerlinge wat geregisteer het, gefinaliseer is, sal ons verdere inligting stuur t.o.v. die datum, tyd, lokaal ens. Verseker net u kind se plek en registreer betyds. U kind is vir ons kosbaar!

Vir meer inligting oor SuksesSTUDENT en die Breinprofiele kontak gerus me. M Fourie of me. A van Emmenis.

Wonderlig Groepprojek

Lig verdryf duisternis

GR. 10-LEERDERS

Die Gr 10-leerders het die eerste kwartaal `n beurt gehad om deel te neem aan hierdie unieke groepprojek. Tydens ons Feesvieringsgeleentheid het hulle wonderligbalkies, sertifikate en trofeë ontvang.

GR. 9-LEERDERS

Hierdie kwartaal neem die Gr. 9-leerders aan die projek deel. Daar is twee groot groepe van ± 25 elk, waarvan een groep Woensdagoggende en die ander groep Woensdagmiddae in die lapa vergader. Elke sessie begin met warm sjokolade, koffie, koekies en beskuit!

GR. 8-LEERDERS

Die Gr. 8-leerders kry die derde kwartaal `n geleentheid om deel te neem aan die projek. Wees op die uitkyk vir die omsendbriewe met inligting.

Vir meer besonderhede kan me. Fourie gekontak word by berader@wonnies.co.za.

RAPPORTE EN OUERAANDE

Leerders het **rapporte** op **13 Mei** ontvang. Die **oueraande** volg op **18 Mei vir Graad 8,10,12** en op **20 Mei vir Gr 9 en 11**. Die oueraande gaan op 'n besprekingstelsel werk omdat die Covid-19 regulasies nagekom moet word. Die oueraande is verleng – vanaf 17:00-20:00 om u juis die geleentheid te gee om oor u kind se akademiese vordering te kom gesels.

Bespreek dus asseblief vroegtydig u plek!

MNR. M LEZAR
SKOOLHOOF